

23 SEPTEMBER

SKRIFGEDEELTE: PSALM 99
FOKUSGEDEELTE: PSALM 99:3

Om heilig te wees

Heilig (99:3), weer heilig (99:5) en 'n derde maal heilig (99:9) – so leer ons God ken. Geen ander eienskap van God word so herhaal nie. In Jesaja 6 en Openbaring 4 word dit drie keer na mekaar herhaal. Waarom hierdie klem? *Heilig* beteken “totaal anders”. God is soos niks anders nie. Hy is hoog verhewe, eintlik so ver van ons verwyder dat Hy niks met ons te doen hoef te hê nie.

Maar die Here gee aan sy volk die opdrag om self ook “heilig” te wees (1 Pet. 1:16). Ons moet ons nie heilig hóú nie, ons moet heilig wéés. Maar ons kan tog nie soos God wees nie. Wat beteken dit dan dat die gelowiges “heilig” moet wees. God is *anders* en ons moet *anders* wees. Ons moet eenkant gesit wees vir God se gebruik, afgesonder vir Hom soos wat 'n mens se tandeborsel vir jouself afgesonder is. Net joune.

Deur die geloof wat die Heilige Gees ons gee om Jesus Christus as Verlosser aan te neem, het ons nét God s'n geword. Nou moet ek heilig wees omdat 'n heilige volk by die heilige God pas.

Een van die dinge wat God van ons as heiliges verwag, is dat ons geregtigheid sal laat geskied, dit wil sê ons moet werklik betroubaar wees. Ons “ja” moet “ja” wees en ons “nee” moet “nee” wees. Die beloftes wat ons gemaak het, moet ons hou. Ál die beloftes: belydenis-van-geloof-beloftes, troubeloftes, doopbeloftes, sal-kom-kuier-beloftes ensovoorts. Die Here het geregtigheid lief, en as ons regverdig optree, dan wys ons ook ons liefde vir Hom.

Sing: Psalm 33:11

Dr Chris van der Walt (Pietersburg-Suid)